VAKATURE: LERAAR VASTETERMYN, KONTRAK (3 JR)
NG THABA NCHU-TWEESPRUIT

Ons leef voluit vir Jesus Christus

In biddende afhanklikheid van die Here, stel die kerkraad van die **NG Gemeente Thaba Nchu-Tweespruit, ’***n vakature bekend vir ’n Vastetermyn, kontrakpos vir drie jaar (hernubaar), vir die beroeping van ’n NG leraar*

Gemeenteprofiel:
Die twee-koppige gemeente is ongeveer 60 km oos van Bloemfontein geleë. Die gemeente het ’n bedieningspunt in Thaba Nchu en in Tweespruit - die dorpe is 17 km van mekaar af. Die gemeente het 109 belydende lidmate en 22 dooplidmate.

Leraarsprofiel en pligte: Die pos is vir drie (3) dae ’n week (Sondag + twee (2) dae):

- Die persoon moet ’n lewende verhouding met Christus hê en gedring word deur sy liefde.
- Art 9 dien as uitgangspunt.
- Die persoon moet in die volle spektrum van gemeentewees kan inpas.
- Die persoon moet huis- en pastoralebesoek as prioriteit beskou.
- Die persoon moet interkerklik kan saamwerk met ander kerkgenootskappe.
- Die persoon moet onbetrokke lidmate weer aktief by die kerk betrek.
- Die person moet die kerkraad kan bemagtig en toerus in leierskap.
- Lofprysing is belangrik vir die gemeente en die persoon moet nou saamwerk met die lofprysingsgroep.
- Die persoon moet versoenend in die gemeente kan werk.
- Die persoon moet in spanverband kan werk.

Vergoeding:

- Salaris R16 500 pm.
- ‘n Pastorie is beskikbaar.
- ‘n Voertuig word voorsien vir gemeentegebruik.
- Water, ligte en telefoon is vir die gemeente se rekening.

Aansoeke: Om aansoek te doen vir hierdie pos, stuur asseblief ‘n CV met die name en kontakbesonderhede van drie (3) referente aan kerkkantoor@ngtnts.co.za

Sluitingsdatum vir aansoeke: Sondag 12 November 2017

Navrae: Pierre du Toit by 082 493 1197, of Orna Snyman by 083 279 1660

Die kerkraad behou hom die reg voor om nie ’n aanstelling te maak indien daar nie ’n geskikte kandidaat gevind word nie.